

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



Mei 2014



As hemel en aarde ontmoet...

Lees binne...

- Die kerk se wêreldvaart – 1
- Wat beteken hemelvaart? – 3
- Kerklike simboliek – 3
- Heil bring heling – 6

In hierdie uitgawe

- BI 1 Jesus se hemelvaart – die kerk se wêreldvaart (Ds Kobus Pienaar)
- BI 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**
My pyn – ons pyn
- BI 3 **Aktuele sake**
Wat beteken hemelvaart? (Dr Gafie van Wyk)
Kerklike simboliek (Dr Piet van Staden)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Leierskap in 'n kleiner opset (Ds Chris le Roux)
Nuus uit Zimbabwe (Ds Theuns Botha)
- BI 5 **Kerkwerf**
Van der Hoff Teologiese Studentevereniging word 90
Beroepe aanvaar
Graad 10-kategeseboeke beskikbaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Heil bring heling (Prof Theuns Dreyer)
Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne
'n Klein gemeente op die voetspore van Christus
(Louwtjie en Anita Joubert; Ivan en Marna Enslin)
Dankie vir die *Bybelse Dagboek* (Prof Bieks Beukes)
Onthou dié datums
- Agterblad **Oordenking**
Opgestane en verheerlikte Heer! (Ds Peet Swanepoel)

My pyn – ons pyn

Ds David Barnard skryf in die redaksionele berig: Christelike liefde vra dat ons mekaar sal raaksien – dieper as veldiepte sal raaksien. Dit vra dat ons met deernis sal reageer op noodkrete wat ons nie altyd verstaan nie.

Die kerk het in die onlangse verlede aan die lyding van ons Here Jesus teruggedink. Van die grootste hartseer in ons Here Jesus se lewe was waarskynlik sy eensaamheid. Mense het nie verstaan waarom Hy aarde toe moes kom nie. Mense het ander waardes aan sy leierskap toegeken. Mense het gesoek na aardse leiding. Mense het sy eie vrees, sy sweet soos bloeddruppels, te dikwels misgekyk en misverstaan.

Hy het egter nooit 'n ander s'n misgekyk nie. Hy het nie by die melaatse verbygestap nie. Hy het nie die slegte vrou en die tollenaar verbygegaan nie. Die uitgeworpenes was in sy fokus. Hy was daar. Ons verkondig en beeld uit dat ons in die voetspore van ons Heer stap en wil stap. Dit vra veel meer as net die nabootsing van enkele karaktertrekke per geleentheid of die nadoen van dade van welwillendheid. Dit vra 'n gees van omgee. Dit vra 'n ingesteldheid van dankbaarheid, vaste vertrouwe en oop oë vir mekaar se nood en seer.

Jesus se hemelvaart – die kerk se wêreldvaart

Ds Kobus Pienaar skryf oor Hemelvaart, die ekumeniese feesdag wat altyd op 'n Donderdag val – 40 dae na Jesus se kruisdood volgens Handeling 1: 3. Die Latynse woord *ascendit* soos ons dit in die belydenis van Nicea en die Twaalf Artikels vind, word vertaal met *opvaar*. Dis 'n aktiewe werkwoord. Jesus het dus volgens Nicea en die Apostolicum uit eie krag *opgestyg*. Maar die Griekse woorde wat hierdie gebeure volgens Lukas en Handeling beskryf, is 'n passiewe werkwoord, wat vertaal word met *opgeneem is*. Daar is dus 'n teologiese nuanseverskil tussen die Bybelse verwysings na Jesus se hemelvaart en die

konfessies s'n. Om op te vaar en om weggeneem te word, beteken nie heeltemal dieselfde nie. Die naam van die kerklike feesdag, *Hemelvaart*, is dus op die belydenisskrifte gebaseer en nie op die Nuwe Testament se terminologie nie.

Om die teologiese betekenis van hierdie gebeure te ontsluit, is nie so eenvoudig nie. Die rede is dat ons vandag 'n Copernicaanse kosmologie huldig, waarvolgens ons die aarde sien as 'n planeet wat saam met ander planete om die son in 'n elliptiese wentelbaan wentel, met net leë ruimtes tussenin sonder enige teken of vorm van lewe. Die mense van die Bybelse tyd en vir lank daarna het 'n mitiese wêreldbeeld gehuldig. Vir hulle was die kosmos soos 'n drielaagsjokoladekoek met die hemel daarbo, ons wêreld in die middel en die wêreld van die doderyk of die hel onder ons.

Vir Lukas is die uitstorting van die Heilige Gees die skarnier tussen Jesus se heilswerk en die geboorte van die kerk. Ons lees immers in Handeling 2, direk na die verhaal van Jesus se opname die hemel in, van die uitstorting van die Heilige Gees. Lukas vermeld dit nie om dowe neuter nie. Dit vorm 'n integrale deel van sy unieke teologie oor Jesus Christus. Geen ander Evangelieskrywer aksentueer die werk van die Heilige Gees soos Lukas nie, en geen ander Evangelieskrywer gee soveel aandag aan die kerk se missie nie. Die rede is natuurlik omdat Lukas teen die tyd dat hy sy Evangelie geskryf het, laat in die eerste eeu en ver van Jerusalem af, reeds geworstel het met die kerk se opdrag en relevansie in die wêreld. Lukas, soos Paulus, het beklemtoon dat die Gees en die gawes van die Gees die dinamo van die kerk is. Om dié rede bou Lukas dan sy unieke verhaal van Jesus se transportering in om bykans diskreet vir die Gees plek te maak. Die Gees onder wie se lyding en inspirasie ons almal gestuurdes van die evangelie word. Hemelvaart vertoon dus duidelike spirituele en missionêre aksente. Hemelvaart is die kerk in haar wegspringblokke. Jesus se hemelvaart is tegelykertyd die kerk se wêreldvaart.

Wat beteken hemelvaart?

Dr Gafie van Wyk verwys na Efesiërs 1: 20 waar van Christus se opwekking en sy verhoging of "troonbestyging" gepraat word. Die uitdrukking is bedoel om die gelowiges te verseker van die heil wat hulle van God ontvang. Die opwekking van Christus en sy sit aan die regterhand van God is grondelemente van die eerste Christelike teologie. Die *in die hemel* staan in skerp kontras met die aardse (minderwaardige) magte wat onderwerp word aan die heerskappy van Christus. Die skrywer maak konsekwent van ruimtelike voorstellings gebruik om die mag van God oor die duister en minderwaardige aardse magte aan te toon. Met 'n aanskoulike beeld word in Efesiërs 1: 21 vertel dat Christus sedert sy opstanding oor elke moontlike mag triomfeer. Efesiërs maak hier van 'n antieke Joodse wêreldbeeld gebruik. Die aarde word as die plek hier onder gesien en die hemel is weer die plek daar bo. Die hemel is die troonkamer van God. Jesus het opgevaar *bo alle hemelruimtes uit* (Ef 4: 10) tot in die troonkamer van God waar Hy aan die regterhand van God gaan sit.

Hemelvaart beteken dat Jesus verhoog is tot die hoogste eer. Hy is oral teenwoordig. Sy teenwoordigheid is heilsaam vir die hele skepping. Hy, die Verhoogde, bou die kerk deur die gawes van die Gees tot volwassenheid in liefde.

Dr Piet van Staden verduidelik waarom die kerk anders is as die wêreld en dikwels juis daaroor in die spervuur kom. Ons het simbole in die kerk wat ons help om betekenis uit te druk. Die kerklike kalender is een daarvan. Die verloop van Advent, Lydenstyd, Pase, Hemelvaart en Pinkster beeld die heilsweg uit. Deur dit jaarliks te gedenk, hou ons dit vars in ons denke en besluitneming. Nagmaal en doop is tekens van die verhouding. Die Bybel is die bron van ons geloofsinhoud, maar ook simbool van God se spreke. Trouens, die blote bestaan van die kerk is 'n simbool van God se besig wees met die wêreld.

Heil bring heling

Prof Theuns Dreyer skryf dat die Hervormde Kerk na die onlangse onverkwiklike onmin, verdeeldheid, verdagmakery en uiteindelijke tragiese kerkskeuring heling nodig het. Tydens 'n werkwinkel en

beplanningsessie van beraders wat betrokke is by die *Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne* is die dringende noodsaak van heling as prioriteit uitgewys.

Die Kerk as geheel, predikante, ouderlinge, diakens en lidmate het seergekry, en ons sal moet streef na heling en heelwording. Ware heling is net te vind in die heil en versoening wat Jesus Christus deur sy dood en opstanding moontlik gemaak het. In alle fasette van kerkwees moet dit ons strewe wees om deur die heil van Christus weer heling te bring.

Die Welstandsprogram is die uitkoms van 'n lang proses waarin die Kerk oor baie jare verskillende moontlikhede ondersoek en beproef het in 'n poging om predikante en hul gesinne wat seergekry het, te ondersteun en te begelei op die pad na heling. Die gedagte van 'n *pastor pastorum*, of 'n *pastor vir die pastors*, was al vir jare op die agenda van die Algemene Kerkvergadering. In 'n stadium het die Kerk die *Pastorale verwysingsdiens* daargestel wat terapeutiese ondersteuning vir ampsdraers en lidmate gebied het. Die destydse Kital het ook jaarliks vir jong predikante en hul eggenotes 'n *Kursus in gemeentelike praktyk* aangebied om hulle te help om die spanning en krisis in die lewe van 'n predikant en sy of haar gesin te hanteer. Vanweë die finansiële krisis van die Kerk in die 1980's is hierdie dienste egter noodgedwonge beëindig. 'n Indringende navorsingsprojek onder leiding van dr Kobus van Biljon het uitgeloop op 'n navorsingsverslag oor die krisis in pastorieë. Na lang studierapporte en besprekings tydens verskeie AKV's het die Kommissie van die AKV besluit om die *Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne* te implementeer as 'n bekostigbare poging om die wel wees van predikante en hul gesinne te bevorder.

Die *Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne* is elektronies beskikbaar op die Kerk se webblad (www.nhka.org) onder So werk ons → Toerusting → Kursusse. Die gids kan ook in hardekopieformaat aangekoop word van mev Susann van Zyl in die SENTIK-boekwinkel, teen R30 per eksemplaar (posgeld uitgesluit). Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die NG Kerk (Vrystaat) se Kleingemeentekonferensie van Maandag 24 tot Woensdag 26 Maart 2014 by Gariëpdam; die huidige situasie van lidmate in Zimbabwe; Van der Hoff Teologiese Studentevereniging wat vanjaar 90 jaar oud is; en Gemeente Ogies, 'n klein gemeente wat op die voetspore van Christus 'n verskil maak in hul gemeenskap.

Ds Peet Swanepoel se oordenking herinner ons daaraan dat ons met die viering van die hemelvaart gekonfronteer word met die lewende Christus. Jesus, wat in die gestalte van 'n mens die ergste vernedering moes deurmaak, die Seun van die Almagtige en Heilige God, moes leeggemaak word van sy goddelikheid en heerlikheid, om soos een van ons te word. Sodat Hy ter wille van ons die straf kon dra vir ons sondes en ons daarvan verlos. Met die hemelvaart vier ons egter sy Goddelike herstel. Hy is nou weer terug by sy Vader, sy heerlikheid en glorie is herstel, en vanaf die Regterstoel regeer Hy sy kerk, sy liggaam, hier op aarde. Nou is Hy nie meer die weerlose en stukkend geslane Jesus van Nasaret nie, maar die Christus, die opgestane en verheerlikte Heer! Wie die hemelvaart reg wil vier, moet ook die opdrag wat met die hemelvaart gegee is, gaan uitvoer. Jy moet die getuie gaan wees van sy hemelvaart. Jy moet van die lewende Heer bly getuig totdat Hy weer kom. Vir ons beteken die hemelvaart om aan die werk te spring – want die wederkoms is naby!